# ALGEMENE RAAD

# BESLUITELYS / NOTULE

**DATUM:** DINSDAG, 18 OKTOBER 2022
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NG KLIPKERK-SAAL, KERKSTRAAT 52, LICHTENBURG

**VOORSITTER: WILLEM DE CHAVONNES VRUGT**

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Mnr Johan Steynberg open die vergadering met Skriflesing en 'n gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| ▪ | Die Voorsitter heet almal welkom by die vergadering, maar in die besonder vir:<br>o Annemarie Jonker en Raymond van Agility;<br>o HJ Moolman; en<br>o Andre Groenewald. | | |
| ▪ | Mnr Gideon van Zyl word gelukgewens met sy verkiesing as Vise-President tydens die Kongres. Sterkte word hom toegewens met hierdie belangrike taak wat hy moet verrig. | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| ▪ | Die vergaderingdokumentasie is op die tafels beskikbaar. | | |
| ▪ | 11:00 Koffie / Tee en verversings. | | |
| **4.** | **PERSONALIA EN MOSIES** | | |
| **4.1** | **VERJAARSDAE** | | |
| | Baie geluk aan die personeel- en Raadslede met hul verjaarsdae vanaf die vorige Algemene Raadsvergadering in Junie tot vandag. | | |
| **4.2** | **VOORBIDDING** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪<br>▪ | Sterkte word mnr Andre Strydom toegewens met die behandeling van die kanker in sy gesig.<br>Sterkte en beterskap word mnr De Wet Marx se vrou toegewens met haar siekte. | | |
| **4.3** | **GELUKWENSE:** | | |
| ▪<br>▪ | Mnre Barry en Edric Badenhorst wat verkies is as die Nasionale Wildboere van die Jaar.<br>Me Berta Lewis wat 'n Toekenning ontvang het vir Entrepreneur van die Jaar. | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Die Presensielys is gesirkuleer vir ondertekening en beskikbaar op aanvraag.<br><u>Verskonings is ontvang vir:</u><br>Mnr Naude Pienaar — Adjunk-Hoofbestuurder<br>Me An-Mari Basson — Voorsitter: Arbeid- en Maatskaplike Komitee / Agri Hartbeesfontein<br>Mnr DB van der Merwe — Voorsitter: Natuurlike Hulpbronnekomitee<br>Mnr FH Badenhorst — Jongboerkomitee Voorsitter<br>Mnr Danie Reichel — GSA<br>Mnr Paul du Plessis — Agri Ottosdal<br>Mnr SE Bellingan — Agri Vryburg<br>Mnr Oswald van Niekerk — Agri Excelsior<br>Agri Kameel — Agri Kameel<br>Agri Lourensgeluk — Agri Lourensgeluk<br>Agri Louwna — Agri Louwna<br>Mnr Theo Rabe — NWK Beperk<br>Mnr GF Oosthuizen — Obaro | | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE PUNT 14** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **GOEDKEURING VAN DIE BESLUITELYS / NOTULE EN PRESENSIELYS VAN DIE VORIGE VERGADERING: 2022-06-22** | | |
| ▪<br>▪ | Die Besluitelys / Notule word as gelese beskou, aangesien dit vooraf aan die Raadslede beskikbaar gestel is.<br>Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Nicol Muller gesekondeer en deur mnr Johan Theunissen goedgekeur. | | |
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE BESLUITELYS / NOTULE**<br>**SAKE VIR ONMIDDELIKE BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **8.2** | **SAKE VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Sal onder die onderskeie Spesialiteitskomitees hanteer word. | | |
| | **NUWE SAKE VIR BESPREKING** | | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD:** | | |
| **9.1** | **2021/22-Kontantvloeistatustabel: Werklik, Begroot en Vooruitskatting soos op 30 September 2022** | | |
| ▪ | <u>KENNISNAME</u>:<br>Mnr Boeta du Toit lewer verslag oor die Kontantvloeistatusverslag en meld dat daar besparingsmaatreëls ingestel is sonder om die effektiwiteit van dienste in te boet. Geen vrae hieroor nie. | | |
| **9.2** | **Statusverslag vir 2022/23-Affiliasiegeldbetalings ontvang soos op 30 September 2022** | | |
| ▪ | <u>KENNISNAME</u>:<br>Die 2022/23-Affiliasiegeldtabel soos op 30 September 2022 is beskikbaar gestel aan die Raadslede. | | |
| ▪ | **<u>VOORSTEL:</u>** | | |
| ▪ | Mnr Hendrik Reyneke stel voor dat Agri NW 'n Inligtingsdokument moet opstel oor: Wat doen Agri NW vir sy lede: Dit kan kortliks puntsgewys uiteengesit word en aan al die lede gestuur word. Voorbeelde daarvan is as volg:<br>○ Baie dankie vir u Lidmaatskapgelde wat u jaarliks aan Agri NW oorbetaal om hul in staat te stel om dienslewering te kan lewer.<br>○ Meld die onderskeie dienste wat Agri NW aan hul lede lewer. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | **Affiliasies moet ernstig poog om hul jaarlikse verpligtinge teenoor Agri NW na te kom en hul affiliasiegeld betyds en ten volle oorbetaal.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| (2) | **Affiliasies ernstig dog dringend versoek word om hul uitstaande 2022/23-Affiliasiegelde so spoedig moontlik in te samel en oor te betaal. Affiliasies is en bly verantwoordelik vir die insameling daarvan. Affiliasies word versoek om ernstig hieraan aandag te gee, want die nie-invordering van die uitstaande Affiliasiegelde kan 'n geweldige konantvloeiprobleem vir Agri NW veroorsaak en kan meebring dat hul dienste nie ten volle te gelewer kan word nie.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| (3) | **Agri NW-Hoofkantoor en mnr Sarel Pretorius sal steeds voortgaan met die maandelikse telefoniese skakeling met die Affiliasies, wie se Affiliasiegelde uitstaande is Hierdie is 'n staande reëling wat maandeliks uitgevoer word.** | **Hoofkantoor<br>S Pretorius** | **Deurlopend** |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **9.3** | **Finale 2022/23-Begroting** | | |
| | KENNISNAME:<br>Die 2022/23-Begroting is reeds deur die Algemene Raad op 2022-06-09 goedgekeur en is vir KENNISNAME in die Aanhangsels ingebind. | | |
| ▪ | Die ondergenoemde aannames was gebruik vir die opstel daarvan:<br>Affiliasiegeldverhoging: 9.3%. | | |
| ▪ | <u>Affiliasiegeldbedrae per Lidmaatskapkategorie</u><br><u>Affiliasiegeldbedrag:</u> — <u>2022/23 (BTW Uitgesluit)</u> — <u>2022/23 BTW (Ingesluit)</u><br>Platinum: R3723.00 — R4281.45<br>Goud: R1863.00 — R2142.45<br>Silwer: R 931.00 — R1070.65<br>Erelede R 931.00 — R1070.65 | | |
| ▪ | <u>Finale Ledetal: Aantal lede per Lidmaatskapkategorieë na die rekonsiliëring van die 2022/23-Ledelyste:</u><br><u>2022/23</u><br>Platinum: 1108<br>Goud: 400<br>Silwer: 355<br>Erelede <u>25</u><br>Totaal <u>1888</u> | | |
| **(4)** | **<u>BESLUITE</u>:**<br>**Mnr Du Toit se voorstel oor die grondwetlike verandering dat die Finansiële State goedgekeur word tydens die Algemene Raadsvergadering en nie meer tydens die Kongres nie. Hierdie voorstel sal deur die Dagbestuur bespreek en aanbeveel word by die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee tydens die Februarie 2023-vergadering.** | **Dagbestuur Fin- en Oudit- & Risikokomitee-vergadering** | **Febr 2023 Fin- en Oudit- & Risikokomitee-vergadering bespreek word.** |
| **10.**<br>**10.1** | **HOOFKANTOORBESTUUR**<br>**AGRI NW-DATUMLYS 2023** | | |
| **(1)** | **<u>BESLUITE:</u>**<br>**Me Potgieter sal Agri NW se 2023-Datumlys se wysigings wat aangebring word deurlopend deurgee aan Affiliasies.** | **Me Potgieter Affiliasie** | **Wysigings van 2023-Datumlys deurlopend** |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | | | **deurgee aan Affiliasies.** |
| **10.2** | **REORGANISASIELYSTE** | | |
| | **<u>BESLUIT:</u>** | | |
| **(1)** | **Affiliasies word versoek om hul Reorganisasielyste so spoedig moontlik in te dien, nadat daar gereorganiseer is. Die jaarlikse indieningsdatum van Reorganisasielyste is 23 Julie.** | **Affiliasies** | **Jaarliks 23 Julie deurgegee word aan Hoofkantoor.** |
| **(2)** | **Agri NW stuur deurlopend belangrike kommunikasie per E-pos of *Whatsapp* aan alle Affiliasie Voorsitters en Sekretarisse/Sekretaresses, wat dit dan op hul beurt direk aan hul lede moet versend.** | | |
| **11.** | **VERKIESING VAN AMPSDRAERS** | | |
| **11.1** | **<u>FINANSIËLE- EN OUDIT & RISIKOKOMITEE</u>** | | |
| ▪ | <u>Die Komiteelede vir 2022/23 is as volg:</u><br>Mnr Cobus Van Zyl — Vise-President / Voorsitter<br>Mnr Gideon van Zyl — Vise-President (gaan vir die 2022/23-Finansiële Jaar die Finansiële- en Oudit- & Risikokomiteevergaderings saam met Cobus van Zyl hanteer en dit dan oorneem in die volgende Finansiële Jaar).<br>Mnr Sarel Pretorius — Komiteelid<br>Mnr Louis Wessels — Komiteelid<br>Mnr Pieter Kleingeld — Komiteelid<br>Mnr Johan Steynberg — Gekoöpteerde Lid<br>Mnr Edric Badenhorst — Jongboerkomiteevoorsitter<br>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt — *Ex-Officio*<br>Mnr Boeta du Toit — Uitvoerende Hoofbestuurder<br>Me H Botha — Senior Administratiewe Beampte | | |
| **11.2** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES** | | |
| | Die vergadering verkies Voorsitters vir die volgende Spesialiteitskomitees: | | |
| ▪ | Arbeid en Maatskaplike Komitee<br>Voorsitter: Me An-Mari Basson<br>Kommunikasie en Beeldboukomitee<br>Voorsitter: Mnr Willem De Chavonnes Vrugt / Mnr Gideon van Zyl | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Kommersiële Komitee<br>Voorsitter: Mnr Nicol Muller<br>Landbou-Ontwikkelingskomitee<br>Mnr Hendrik Reyneke<br>Landelike Veiligheidskomitee<br>Mnr Sarel Pretorius<br>Natuurlike Hulpbronnekomitee<br>Mnr Daan van der Merwe | | |
| **12.** | **AGRI NW SPESIALITEITSKOMITEES** | | |
| | Terugvoering sal gegee wprd op grond van die belangrikste sake wat tans aandag geniet by die onderskeie Spesialiteitskomitees. | | |
| **12.1** | **LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| | <u>Terugvoering is aan die Raadslede gegee in verband met:</u> | | |
| 12.1.1 | ‘n Powerpoint Aanbieding ia deur mnr mnr HJ Moolman, Prokureur aangebied in verband met: Uitdagings en hantering in die Strafregstelsel om geregtigheid te verky. Pas jou goed op!” | Hoofkantoor | Die Voorlegging sal per E-pos aan Affiliasies gestuur word. |
| 12.1.2 | Vordering met die wysiging van die instruksie oor grondbesetting van die SAPD. | | |
| 12.1.3 | Insette in die nuwe Wetsontwerp oor oortreding (betreding). | | |
| 12.1.4 | Agri NW-skakeling met die NVG en die SAPD in die geformaliseerde samewerkende forums. “*Working Together”.* | | |
| 12.1.5 | Vereistes vir die oprigting van kameras op die Sanral-Roetes. | | |
| 12.1.6 | Aanbieding van Agility Trauma Skema deur Annemarie Jonker. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(a)** | **Veiligheid is in vandag uiters belangrik op elke lid se plaas. Lede moet op hoogte wees van veiligheidsmaatreëls en rekordhouding is uiters belangrik om sake te kan opvolg met ‘n papierspoor.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(b)** | **Alle Bemagtigende dokumente in verband Veiligheidsake is op Agri NW se Webblad beskikbaar.** | | |
| **(c)** | **Mnr HJ Moolman se Powerpoint Voorlegging sal per E-pos aan die Affiliasies gestuur word vir verspreiding aan hul lede.** | | **Afgehandel.** |
| **(d)** | **Klagtes moet deur lede ingedien word per individu as hulle jou grond onwettig betree. Betreding is die begin van beplande misdade. Die Polisie is traag en wil nie altyd optree** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-** | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | **nie. Gee die gebeure/sake ook deur aan die Hoofkantoor. Advokaat Robbertse verlang inligting sodat hy sy mening kan gee.** | **woordigers** | |
| **(e)** | **Gee nodige inligting deur aan Naude Pienaar of Sarel Pretorius vir enige Vervolgingsake.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(f)** | **Vir enige navrae of veiligheidsaangeleenthede wat in u gebied/gemeenskap plaasvind, skakel onverpoos met mnre Sarel Pretorius, Boeta du Toit of Naude Pienaar, sodat die nodige aksies geneem kan word.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(g)** | **Affiliasies wat nog nie ingeskakel is by Agri NW se Virtuele Inligtingsentrums nie word dringend versoek om met mnr Sarel Pretorius te skakel.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(h)** | **Sanral: Daar moet voldoen word aan die vereistes en Wetgewing met die oprigting van padkameras langs die Sanral-paaie. Indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie word die pale en toerusting verwyder deur Sanral. Dit is die kamara-eienaar se verant-woordelikheid om aan hierdie vereistes te voldoen. Hierdie inligting is deur die Hoofkantoor per E-pos uitgestuur. Die keerdatum is 30 Junie 2022.** | **Indiening van Aansoeke** | **30 Junie 2022.** |
| **(i)** | **Syntell: Dit is ‘n veilige gekombineerde stesel. Verdere navrae in hierdie verband kan gerig word aan mnr Boeta du Toit by 082 388 1722 of Sarel Pretorius by 082 375 4197.** | | |
| **(j)** | **Baie belangrik!!: Kamera’s is nié ‘n plaasvervanger vir Patrollies nie.** | | |
| **(k)** | **<u>Sanral-Kamera’s:</u>** | | |
| **(i)** | **Die oprigting en bestuur daarvan bly die verantwoordelikheid van die eienaar.** | | |
| **(ii)** | **Vir enige hulp in verband met die kamera’s op die Sanral-paaie skakel met mnr Du Toit by 082 388 1722.** | | |
| **12.2** | **ARBEID- EN MAATSKAPLIKE KOMITEE** | | |
| | Terugvoering word deur mnr Du Toit aan die Raad gegee in verband met: | | |
| 12.2.1 | Absa/NWRPO Opleidingskursusse. Vyf kursusse word in Oktober / November 2022 deur die MPO aangebied vir Plaaswerkers in verband met Veehanteringskursusse en word deur Absa gefinansier. | | |
| 12.2.2 | Vordering met die Beroepsgesondheid en veiligheid Bemagtigingsopleiding. Opleidingsessie word beplan vir 2023. | | |
| 12.2.3 | Bevoegdheidsertifikate vir Masjinerie-Operateurs. | | |
| **12.3** | **KOMMERSIËLE KOMITEE** | | |
| **12.3.1** | **VERVOER** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Terugvoering word deur mnre Du Toit en Nicol Muller gegee in verband met:<br>**BESLUITE:** | | |
| **(1)** | **Agri nw SE Padprobleem Aanmeldingsvorm moet nog steeds ingedien word vir grond- en teerpaaie wat nie Nasionale paaie is nie. Hierdie vorms kan by me Botha aangevra word per E-pos.** | **Hoofkantoor** | |
| **(2)** | **Affiliasies word versoek om hul lede aan te moedig om Padprobleemaanmeldingsvorms van paaie waarop daar probleme ondervind word te voltooi en die Padnommer en probleme wat ondervind word moet duidelik beskryf word. Stawende bewyse soos foto's is ook belangrik en kan net die saak versterk. Stuur dit asseblief aan die Hoofkantoor na Hessie Botha by E-posadres: hessie@agrinw.co.za.** | **Hoofkantoor / Lede** | **Deurlopend.** |
| **(3)** | **Die opvolg daarvan is ook belangrik om die vordering te monitor by die Departement.** | **Hoofkantoor Lede** | **Deurlopend.** |
| **(4)** | **SANRAL-App: Lede word aangemoedig en versoek om hierdie SANRAL-App of hul selfone af te laai en alle padprobleme op nasionale paaie aan te meld. Indiening /aan-melding van hierdie paaie is baie belangrik vir die Provinsie.** | | |
| **(5)** | **Daar word gepoog om die Plaaslike Padforumvergaderings weer in al die onderskeie Streke op die been te bring. Dit is net nog 'n manier om druk op die Departement te sit om die paaie vinniger te herstel.** | | |
| **(6)** | **Die Eisvorm vir die instel van Siviele Eise teen die Departement van Publieke Werke en Paaie is beskikbaar by me Hessie Botha by die Hoofkantoor. Affiliasies/Lede kan dit aan-vra per E-pos sodat dit aangestuur kan word.** | **Hoofkantoor** | **Eisvorm – Siviele eis teen DPWR** |
| **(7)** | **Gesprekke is ook gevoer met die Regsafdeling van Santam en King Price in verband met Siviele Eise aan die Departement as gevolg van die swak toestand van die paaie. Ver-halingsreg setel by die Versekeringsmaatskappy. King Price gaan moontlik kyk na 'n Loodsprojek in die Noordwes Provinsie. Terugvoering sal aan die Affiliasies gegee word sodra daar finaliteit daaroor verkry is.** | **P du Toit<br>Santam<br>King Price** | |
| **12.3.2** | **ELEKTRISITEIT - ESKOM** | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| **(1)** | **Affiliasies moet hul lede versoek om hul Elektrisiteitsprobleme aan die Hoofkantoor te rapporteer deur middel van die Klantenavraagvorm. Lede moet bewus wees daarvan dat Dispuutverklarings jaarliks ingedien moet word.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(2)** | **Vir enige navrae skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722 of Naude Pienaar by 082 776 8283.** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **12.3.3** | **PLAASLIKE REGERING** | | |
| (1) | **<u>BESLUIT:</u>**<br>**Eiendomsbelasting op Landbougrond: Lede word versoek om dit reg te hanteer. Indien jy nie seker is daaroor nie skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722 of Naude Pienaar by 082 776 8283.** | | |
| **12.4** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | **<u>KENNISNAME:</u>**<br>Mnr Van der Merwe gee terugvoering aan die Raad vir KENNISNAME.<br>Die bestuur van waterhulpbronne – Toeligting oor skakeling en ‘n omvattende verslag aan die DWS en Direkteur-Generaal.<br>Die formulering van ‘n Watervoorsieningsplan vir Mahikeng. Agri NW deelname en beplanning vir verdere inspraak.<br>Die bedreiging, voorkoms en hantering van die Bruin Sprinkaan Plaag. Agri NW beplanning en ondersteunende aksies. | | |
| **12.5** | **LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| ▪ | Mnre Willem de Chavonnes Vrugt gee terugvoering aan die Raad vir KENNISNAME:<br>Die Onteieningswetsontwerp is tans onder oorweging en Agri SA het omvattend kommentaar gelewer. Die Parlementêre proses vir die hantering daarvan word nou gevolg. | | |
| **12.6** | **JONGBOERE** | | |
| | Geen terugvoering as gevolg van mnr Edric Badenhorst wat verskoning gemaak het vir die vergadering. | | |
| **13.** | **AGRI SA-VERSLAGDOENING** | | |
| | Die sake van belang is reeds onder die Spesialiteitskomitees hanteer. | | |
| **13.1** | **AGRI SA-KONGRES** | | |
| | Agri SA se President en Vise-President is herverkies. | | |
| **13.2** | **AGRI NW-KONGRES** | | |
| ▪<br>▪ | Mnr Gideon van Zyl is verkies as Vise-President in die plek van mnr Daan van der Merwe.<br>Mnr Daan van der Merwe word bedank vir die jare wat hy as Vise-President waargeneem het vir Agri NW. Dit was ‘n voorreg om hom as ‘n Vise-President van Agri NW te gehad het. | | |
| **14.**<br>**14.1** | **BEDRYFSORGANISASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| ▪ | Mnr Nico Kilian lewer kortliks verslag vir KENNISNAME in verband met:<br>Lits-Stelsel – produsente moet daarop geregistreer word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪ | Biosekuriteit toepas op plase. | | |
| ▪ | Statutêre heffing word vanaf 4 November 2022 gehef by die slagpunt. | | |
| ▪ | Vrywillige bydraes is slegs 0,15% - dus R1.50 op R1000. | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (1) | **Veilingshuise/Abattoirs versoek word om die Vrywillige Heffings van 0,15% by alle kopers af te trek en aan die NWRPO oor te betaal. Die wat dit nie wil laat doen nie moet vooraf met die Veiliingshuise reëlings daarvoor tref.** | **Veilingshuise** | **Deurlopend.** |
| (2) | **Probleme wat by Veilingshuise ondervind word met die aftrekking van die 0,15% heffings moet aan die Hoofkantoor deurgegee word, sodat daar ernstige aandag daaraan gegee kan word.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **14.2** | **GSA** | | |
| | Geen verslag gelewer as gevolg van mnr Mnr Danie Reichel wat verskoning gemaak het vir die vergadering. | | |
| **15.** | **AANVULLENDE SAKE** | | |
| | Geen. | | |
| **16.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 15 Maart 2023. | | |
| **15.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank die Raadslede vir hul deelname en waardevolle insette tydens vergadering. ‘n Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **16.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Die vergadering verdaag om 14:45. | | |

| ……………………………………………… | ……………………………… | ……………………………………………… |
|---|---|---|
| **VOORSITTER** | **DATUM** | **SEKRETARIS** |